DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**

# Die Basuin

**13 November 2022**




**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**


***Eredienste begin 09:30***

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Jesaja 60: 1 - 22 en Johannes 8: 12 - 16 |
| **Tema** | God se lig skyn deur ons na die nasies |
| **Sang** | Lied 188: 1, 3<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Psalm 119: 39, 60<br>Psalm 118: 12, 14<br>Psalm 134: 4<br>Skrifberyming 8-1: 1, 2 |

Jesaja 60 plaas ons aan die einde van 70 jaar in ballingskap en die blye dag van verlossing wat aanbreek. Die volk word as 'n vrou voorgestel. Sy was neergeslaan deur die oordeel van God oor haar sonde. Maar nou dring die lewewekkende oproep van die profeet tot haar deur: "Laat skyn jou lig!" Jerusalem se lot word deur die genadige ingryping van die Here dramaties verander. Israel (die OT kerk) wat so lank in ballingskap was, staan op die punt om in haar land en stad hervestig te word en met ongekende heerlikheid en rykdom oorklee te word.

Kyk maar na die volgende:

* Kosbaarhede word deur 'n menigte kamele aangebring - van die noorde en suide, van die ooste en die weste.
* Almal verkondig met blydskap die roemryke dade van die Here.

* Buitelanders bou Jerusalem se mure.
* Die poorte staan dag en nag wawyd oop, want daar is ‘n ewige vrede.
* Sion sal geëer word deur die nakomelinge van diegene wat hom eertyds verdruk en gespot het.
* En die Here self sal vir Jerusalem en haar inwoners ’n ewigdurende lig wees.

Die skildering van al hierdie gunste wat Jerusalem te beurt val, is van só ’n luisterryke aard dat ’n mens in jou verklaring daarvan nie kan volstaan met ’n verwysing na die herstel van Jerusalem ná die ballingskap nie. Die beeld moet ook deurbreek na die Kerk van die Nuwe Bedeling (Joh. 8:12) en die Nuwe Jerusalem wat by die wederkoms van Christus saam met Hom uit die hemel sal neerdaal (Openb. 21:9 – 22:5).

In Jesus Christus is die profesie vervul. Ons het die ewige lig wat in 66 arms van die kandelaar op verskillende maniere versprei word - die Woord van God. En ons is die erfgename uit genade van hierdie wonderskone profesie, ’n hoop te mooi om beskaam te word! Jesus Christus het ons uit die wrede kloue van Satan losgekoop en ons deel gemaak van die lewenshuis van sy Vader. Ons word opgeroep om vreesloos as ligambassadeurs van ons hemelse Vaderland te leef tot Jesus Christus in heerlikheid terugkeer om ons deel te maak van die volkome openbaring van die Ewige Jerusalem! Vir ons almal het daar lig gekom.

# OOG VIR MEKAAR



- Ons bid vir Gerhard Maritz wat steeds baie swak en siek is. Ons dra Martie en Johan aan die Here op om staande te bly in hierdie tyd.
- Ons bid vir Valerie O'Reilly wie se ma 'n beroerte gehad het en swak is. Mag ons Vader aan julle geloofskrag gee deur die Heilige Gees.
- Ons bid vir die spoedige herstel van Johanna Samuels wat 'n operasie ondergaan het. Sterkte vir Hendrik met die versorging.
- Ons bid vir al ons lidmate wat sukkel hulle gesondheid, veral ons senior lidmate. Mag julle verligting kry. Baie dankie aan elke suster wat kos gemaak het vir afgelope Woensdag se heerlike bederf. Ons waardeer julle.
- Baie geluk aan ons jong lidmate wat vandag openbare belydenis van hulle geloof doen: Cleoné van Niekerk, Roald Pretorius, Jan-Keyser Albertyn, Jané de Witt, Gregory Carlisle, Erik Nel, Ruben van Ree en Johmar Wolmarans. Seënwense vir julle. Baie geluk aan die ouers en grootouers met die besondere geleentheid.
- Ons bid vir al die kinders wat eksamen skryf. Sterkte aan die ouers en die onderwysers.
- DV volgende week vier ons gemeente die sakrament van die Nagmaal.
- Ouderlinge vergader om 8:30. Susters maak soos altyd 'n slaai vir ongeveer 10 persone. Daar sal pap en sous ook wees.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 13 NOV

**Diensbeurt: Wyk 15**
**Ouderling: Louis Marx**

**Katkisasie: Geen**
**Diaken: Piet Kruger**

***Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat hulle voor die erediens in die konsistorie moet vergader.***

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE



**13 November 2022**
**Tavia Mooi**
**Barbara Nagel**
**Lana Nel**
**Martie Mulder**
**Sintje Maree**

**27 November 2022**
**Suniska Pettitt**
**Susan Pettitt**
**Alta Pretorius**
**Elmarie Swanepoel**
**Amri v Aarde**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 14 Nov | 18:00 | *Kerk* | Diakens vergadering |
| 15 Nov | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 15 Nov | 18:00 | *Kerk* | Finanskommissie |
| 16 Nov | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 17 Nov | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |



# KALENDER



**_Verjaarsdae_**

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend / Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| So 13 Nov | Tjaart v Wyk | 58 | B | 082 674 4497 |
| Ma 14 Nov | Craig Adams | 31 | B | 082 798 0329 |
| Di 15 Nov | ***Alta Theron **** | ***75*** | B | 082 458 5700 |
| Wo 16 Nov | Maurice Stander | 69 | B | 082 448 9198 |
| Do 17 Nov | Annaleen Grobler | 65 | B | 071 673 0584 |
| Sa 19 Nov | ***Marius Krüger ****<br>Nelia Oldewage | ***72***<br>52 | B<br>B | 082 785 6975<br>083 553 6555 |

**Huweliksherdenkings**

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| Ma 14 Nov 2009 | Rhuan & Su-Marie Stander | 13 | 074 580 3739<br>082 477 8009 |


# GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Want met die hart glo ons,*
*en word so regverdig verklaar;*
*met die mond bely ons,*
*en word so verlos.*
*Die Skrif sê tog: "Elkeen wat in Hom glo,*
*sal nie beskaamd staan nie.*
*Romeine 10:10 en 11*

## NUWE LIDMATE

Die volgende lidmate word hartlik in die gemeente verwelkom :

**Opgeneem:**
Willie en Nelia Oldewage asook Annabelle en JD , en ook Robert en Aileen Marriott asook Marianna en Arli, is as lidmaat van die Gereformeerde Kerk Pietersburg opgeneem.



Ons hoop dat julle welkom sal voel hier in ons midde.

# NAGMAAL

Lidmate moet ASB kennis neem van die volgende:

**Nagmaal sal op 20 November om 09:30 plaasvind.**

Lidmate **MOET** kennis neem dat daar slegs **EEN** diens sal wees.

**Lidmate wat Nagmaal aan tafel wil gebruik sal dit kan doen, daar sal 'n tafel soos voor die Covid tydperk beskikbaar wees.**

Die ander lidmate sal die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nagmaal in die banke gebruik.



# NAGMAALETE

Lidmate wat die **Nagmaalete op 20 Nov 2022** gaan bywoon moet asb julle name op die lys plaas wat agter in die portaal op gesit is.

**'n Aansit ete word bedien** met vleis bedek met 'n lekker sous en ander bykosse.

**Die susters word versoek om soos die gewoonte is met 'n Nagmaalete, asb 'n slaai saam te bring.**



Onthou ook om eie eetgerei en drinkgoed saam te bring.

**ONTHOU ASB ! ! ! ! ! ! ! ! ! !**
**Die susters van blok D is verantwoordelik vir nagereg**

# ALMANAK 2023 EN ANDER KERK PUBLIKASIES

**Lidmate wat die Almanak 2023 wil bestel moet asb hulle name op die lys plaas agter in die portaal.**

Daar is slegs **45 Almanak 2023 boeke beskikbaar**.

Die Almanak se koste is **R100.00 per eksimplaar.**



Ander kerk publikasies soos:
Die Kerkblad;
Slingervel;
Dordt in kort;
Evangelsasie en Herlewing (lesse vir Suid-Afrika);
Johannes Calvyn - Kommentaar Efesiërs;
Asemskeppunte en vele ander kan nou by die kerkkantoor bestel word.

# EVANGELISASIE



**Laat ons Sout & Lig**

**in hierdie wêreld wees**

**Hand 16: 23...die bewaarder het hul buitekant toe gevat en gevra: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?"**
**31Hulle antwoord hom:**
**"Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin."**



## Praat saam....

- **Hoekom moet jy glo?**
- **Om gered te word van jou sonde en van die ewige dood, die hel.**

- **Die persoon kan reageer; maar ek is dan 'n goeie mens. Steel nie, moor nie, en vat nie iemand anders se vrou nie.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Praat saam….

- Die vraag;
- Het jy al ooit 'n lekkertjie uit jou ma se kombuis geneem?, gesteel,
- Vir iemand baie kwaad geword en geskel?

- Klein en groot sonde is voor God sonde en moet gestraf word.
- Ons verdien die ewige dood, die hel.



## Praat saam….

- Die persoon moet besef hy is 'n sondaar
- En die sondaar verdien die ewige dood.
- Met erkening daarvan kom die GENADE,  wat moet ek doen?
- Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | | |
| | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581 | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

***Kom, Jerusalem, laat skyn jou lig!***
***Vir jou het die lig gekom,***
***die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring.***
***Jesaja 60: 1***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS